JANUARIE 2009 Jg/Vol 17.1

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

OP DARWIN SE VOETSPORE

Molly Smit

Net voor sensitiewe anti-Darwin lesers my wil bydam: evolusie beweer nie die mens stam van ape af nie. Dit beweer net ons, onder andere, het 'n gesamentlike voorouer gehad (dalk 'n oermens of 'n wurmpie?). Nou hoekom hierdie onnodige inleiding? Net om te sê ek en Ansa was van 18 tot 25 Mei 2008 by die Galápagos waar Charles Darwin in 1835 so begeesterd was met die aard van die flora en veral fauna wat hy daar aangetref het, dat dit as aansporing vir sy evolusieteorie gedien het. Ons het nie 'n enkele aap daar aangetref nie, wel interessante natuurlewe.

Ons tog het baie onortodoks begin toe ons twee op 15 Mei 2008 om 16:00 op Sao Paulo lughawe van die res van die groep geskei geraak het vir die oorstap na die Lima vlug. Uiteinde van die saak is dat net ons uit 'n groep van 16 om 23:00 in Quito, Ecuador, heel bekommerd en uitgeput opgedaag het. Die verbysterde gids wat ons ingewag het, kon nie sy ore en oë glo nie. Dis 'n lang droewige storie. Gelukkig kon die res van die groep die aand van die 16de by ons aansluit na 'n lang ompad via Venezuela en Colombië. Die 18de het ons na die Galápagos, 'n provinsie van Ecuador vertrek en voltallig daar afgeklim. Dit lê wes van Suid Amerika, bykans op die ewenaar.

So daag ons dan die Sondagoggend op by Baltra 1 000 km.van Ecuador se kus af. Quito is, hoewel ook op die ewenaar, hoog bo seespieël en dus nie erg warm nie. Baltra is warm en die hemel en helder see is blou. Ons vertrek dadelik na 'n kaai waar ek besluit dit is goed dat ek gekom het: op die banke wat vir mense bedoel is, lê seeleeus en onder een van die banke is … 'n seelikkewaan! Laasgenoemde was die grootste rede vir my besluit om die Galápagos te besoek. Ek het op DSTv se National Geographic kanaal gesien hoe hulle behendig teen gladde nat kranse en rotse af- en opklouter met woeste branders wat oor hulle breek, in die see swem vir hul kos en terug op land die seesout met 'n straal via hulle neusgate uitspuit. Ons het uiteindelik tydens ons vaart regtig baie see- en soms ook landlikkewane gesien. Die Galápagos fauna is hondmak. Dit was dus moontlik om hulle van naby te bestudeer. Fisiese kontak was verbode. Ons was beveel om nie nader as 2 meter aan die diere te kom nie. Nie dat almal gehoorsaam was nie!

Na die kennismaking met die Galápagos dierelewe op die kaai, is ons per rubberbootjies na ons gemotoriseerde jag Eden gebring vir die volgende sewe nagte. Die bedorwe Suid-Afrikaners was geskok oor die klein kajuitjies vir twee elk en die klein patryspoortjies naby die plafon wat geen uitsig bied nie. Eintlik het ons Onassis se jag verwag hoewel ons nie daarvoor betaal het nie. Ek het bietjie gaan rondsnuffel en op die heel boonste dek 'n leë kajuit ontdek wat wel 'n derde kleiner as die ander is maar met 'n venster wat mens kan oopmaak. Ek en Ansa het daar ingetrek. Die laer kajuite se vensters was naby die water en die bewoners was nie toegelaat om dit oop te maak nie in geval van rowwe see. Elke kajuit was gelukkig lugversorg en met 'n eie badkamer en proppe om die kameras/selfone te laai. Een stormagtige reënerige nag het ons kajuit se dak lustig op my gelek totdat die harde buie bedaar het. Volgende keer kies ek die "hell holes" onder, uitsig of te nie. Die jag was deurgaans silwerskoon en die bemanning het hul bes vir ons gedoen..

Ons was aangesê om aan boord vir ons veiligheid heeltyd kaalvoet te loop, wat ons goed gepas het. Die etes was fantasties, daar was 'n betaalkroeg en 'n skaflike biblioteek met genoeg toepaslike naslaanwerke asook ontspanningsleesstof. Die ontspanningsarea het selfs 'n TV gehad. Wat meer wil mens hê?

Soggens het ons vroeg opgestaan, koffie en koekies genuttig en teen 06:00 was ons al op ons bootjies vir ons landbesoek. So kon ons stap terwyl dit nog heerlik koel was. Ons het verskeie eilande besoek, was soms op besigtigingsvaarte met die rubberbote geneem en elke dag was daar geleentheid vir swem en snorkel in die heerlike water so op die ewenaar. Ons daaglikse stapgeleenthede was wonderlik. Die pas was so gemaklik dat selfs ek maklik kon byhou. In die proses kon ons baie waarneem en ons kundige gids Gandi was nooit haastig om ons na die volgende interessantheid aan te jaag nie Oor die algemeen was dit 'n ontspannende ervaring vir my, behalwe toe ek vir die eerste en hopelik laaste keer in my lewe probeer snorkel het. Ons was ook bevoorreg om 'n volmaan te hê.

Eers terug na Darwin: Hy was aanvanklik nie vreeslik beïndruk met San Cristóbal waar hy geland het nie: bar lawa met sukkelende onwelriekende plantegroei. Hy sê: "The country was compared to what we might imagine the cultivated parts of the Infernal regions to be". Sy skip Beagle se volgende bestemming het egter 'n magdom dierelewe opgetower. My geliefde seelikkewane beskryf hy as "large (2-3 ft) most disgusting clumsy lizards. They are as black as the porous rocks over which they crawl and seek their prey from the sea. Somebody call them 'imps of darkness'. They assuredly well become the land they inhabit." Hy het meer van latere eilande gehou.

Ongelukkig is alles nie so ongeskonde soos in Darwin se tyd nie. As gevolg van die mense wat op die eilande kom woon het (vandag 30 000) met hul mak diere, is die likkewane, reuse landskilpaaie en inheemse plantegroei op groot skaal uitgeroei. Massiewe getalle landskilpaaie is op walvisskepe gelaai vir kos omdat hulle maande lank sonder voeding kon oorleef. Op die eilande moes hulle met die mak bokke om kos meeding. Vandag is toerisme ook 'n gevaar omdat dit onder andere snelle bevolkingsgroei tot gevolg het. Intussen is al baie gedoen om van mak ingevoerde diere wat wild geword het, soos die oulike bokke, ontslae te raak. Vandag word die Galápagos erken as 'n Unesco Wêrelderfenisgebied, 'n nasionale park, seereservaat, walvisbewaringsgebied en mens- en biosfeerreservaat. Behalwe vir Santa Cruz en Baltra het ons geen ander bewoonde gebiede gesien

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

nie, hoewel daar meer is. Daar is dus nog heelwat (betreklik) ongerepte dele waar jy jou nie in die permanente inwoners vasloop of tekens van hul verblyf sien nie.

Wat het ons alles gesien? Broeiplekke vir seeskilpaaie op Barge. Daar is glo miljoene eiers in die sand en hulle is (nog) nie in gevaar om uit te sterf nie. En dan was ons so woes deur steekvlieë by Barge toegetakel dat Ansa naderhand soos 'n bloedige slagveld gelyk het. Hulle het veral vir haar

gesmaak! Dis by Santa Fé wat ek probeer snorkel het, episode wat ek eerder wil vergeet maar waarvan ek 'n aaklige foto het. Ek verkies om eerder die pelikane *(Pelecanu occidentalis urinator)* wat daar om ons jag geswem het, die naragtige bloupootmalgasse ("boobies") (*Sula nebouxii excisa*), seelikkewane *(Amblyrhynchus cristatus)*, –skilpaaie *(ek weet nie wat se soorte nie)* en –leeus *(Zalophus wollebacki)* te onthou. En die kandelaarkaktusse *(Jasmenocereus thouarsii)* en reuse turksvye waarvan sommige spesies lang dun stamme het, glo deur evolusie, sodat die reusagtige landskilpaaie nie al wat 'n blad is, opvreet nie. Die lawakaktus (*Brachycereus nesioticus)* en Galápagos strandpetunia (*Exodeconus miersii*) was vir my pragtig. Op ons staptog by Punta Suarez op Española Eiland het ons onder andere nazcamalgasse (swart en wit) *(Sula grant)* gesien en albatrosse *(Phoebastria irrorata)* wat hofmaak, paar en broei. Die ritueel voor paring was pragtig, sierlik en elegant. Oor die res sal ek swyg. By 'n spuitgat het ons seelikkewane sien swem en later hulle broeiplek besoek. By Gardner Baai, ook op Española kon ons op ons eie strandlangs stap en het ons beleef hoe pelsrobbe *(Arctocephalus galapagoensis)* saam met 'n klompie kinders van 'n ander jag in die see baljaar. Magies! 'n Spotvoël (mockingbird) *(Nesomimus macdonaldi)* het die oudste vrou in ons groep (nie ek nie!) se koekies wat sy onwettig aan land gebring het, uit haar sak gesteel en verorber. Hulle weet die stout mense bring verbode eetgoed in sakke aan wal.

Galápagos Eilande het almal ontstaan as gevolg van vulkaniese aktiwiteit wat nog steeds aan die gang is. By Floreana Eiland het ons aan die voet van 'n vulkaan op lawagruis gestap na 'n idilliese baai met broeiplek vir die seeskilpaaie. Daar het ons gekyk hoe jong seeswaels leer duik. Op pad terug na ons bootjies het ons pienk groter flaminke *(Phoenicopterus rubber)* in 'n meer gesien. Die meer is omring met swart *(Avicennia germinans)* en wit *(Laguncularia racemosa)* mangliete (mangroves/wortelbome). Terwyl die snorkelaars hul dingetjie gemoedelik doen, het ons onbekeerdes met 'n opblaasbootjie om Devil's Crown, woeste en dramatiese swart vulkaniese uitsteeksel met baie voëls en kaktusse, gevaar. Ons besoek daarna Post Office Bay waar in die 1800's briewe gelos is, baie soos by Mosselbaai. Besoekers los nou nog geadresseerde poskaarte daar, natuurlik sonder posseëls. Jagvaarders gaan deur die pos en onderskep die kaarte wat aan hul lande van herkoms geadresseer is. Ons het drie kaarte aan Suid-Afrikaners opgespoor en dit saamgeneem om hier te pos. Daarna het ons met volkome oorgawe in die kalm louerige water afgespoel. Na middagete sit ons in reën en onstuimige see af na die eiland Santa Cruz en die "beskawing". Vir my is Puerto Ayora 'n mooi hawetjie. Dit wemel van plesierjagte, watertaxi's en bootjies wat die jagte se voorrade aanvul. Oral is winkeltjies met interessante en soms pragtige aandenkings wat ek nie kon bekostig nie. Die aand gaan eet ons saam met Gandi in wat in Suid-Afrika op 'n shebeen neerkom, raserig en prettig. Ek eet smaaklike garnale met kokosroomsous en rys (R48-00).

Die volgende dag stap ons na Galapagos Nasionale Park waar ons onder andere reuse skilpaaie besigtig. Een van hulle is Lonesome George *(Geochelone abingdoni)*, 'n sowat honderdjarige skilpad wat die enigste van sy spesie is wat oorleef het en in 1971 op Isla Pinta ontdek is. Daar is al dokumentêre films oor hom gemaak. Hy is tussen bokke wat wild geword het, opgespoor en verbeel hom glo hy is 'n bok.

Daardie middag gaan ons per bus in reën na die hooglande. By 'n plaas loop ons op wandelpaadjies en sien 'n paar groot skilpaaie. Vervolgens besoek ons 'n lawapyp. Dit word glo geskep wanneer 'n kors om die lawavloei vorm wat die warm binnekant insuleer. Wanneer die lawa ophou floei, laat dit 'n leë pyp agter wat dikwels feitlik sirkelvormig is, tot 10 meter in deursnee en soms verskeie kilometer lank. Dit is in so 'n groot ronde pyp wat ons gaan stap het.

By Porto Egos, Santiago Eiland, stap ons aanvanklik op 'n sandpaadjie wat later in swart vulkaniese rots verander. Die strand is ook swart. Die rots is van pahoehoe lawa (spreek uit "pahoyhoy"). Pahoehoe is 'n Hawaise woord wat "touagtig" beteken. En dit is presies soos die lawavloei lyk. Oorkant ons is 'n skip, let wel, nie 'n jag of boot nie, 'n skip van wie se passasiers verwag word om in aanddrag saans te eet, die vrouens met hoë hakke. Jig!

Ons besoek Darwin se Toilet, 'n sloep waarin die see met mag en mening bruis, amper soos met 'n spoeltoilet. Darwin het daar naby gekampeer. Ín die sloep swem 'n rob met volle oorgawe en luidrugtige genot. Ons sien massas Sally Lightfoots *(Grapsus grapsus)*. Dit is pragtige groot oranje en purper krappe wat tot dusver by die meeste bestemmings te sien was. Hulle is nou beskerm maar was vroeër 'n gesogte lekkerny. Ons sien ook Amerikaanse tobies *(Haemotopus palliates galapagensis)*, gestreepte reiers *(Butorides striatus)* en in die helder water 'n seeskilpad. Wat plante betref, is daar onder andere strandpurperwinde *(Ipomoeia pescaprae)* en Bokkop *(Tribulus cistoides)*, 'n soort dubbeltjie.

Later, op pad na Bartolomé Eiland, beland ons tussen dolfyne wat hoorbaar om ons jag speel en ons volg. Soms sien ons ook haaie in die helder water. Frigatvoëls *(Frigata magnificens)* kom sit op die relings om die dak van die skip waar ek met behulp van 'n leer eensaamheid gaan opsoek het. Ons het hulle al 'n paar keer raakgeloop. Die mannetjies is swart met 'n rooi keelsak wat GROOT opgeblaas word wanneer hulle die wyfies wil beïndruk. Hierdie voëls het 'n nogal gemene gewoonte: hulle weet presies wanneer die malgasse se kroppe vol is. Dan onderskep hulle die arme goed in die lug en skud hulle, dikwels aan hul stertvere, totdat die malgasse die kos braak. Die fregatvoëls los dan hulle slagoffers wat soms totaal deurmekaar geskud is. Ons het op 'n hele paar dooie malgasse afgekom wat nie hul balans kon herwin nie en toe die grond getref het.

Bartolomé is steeds geheel en al vulkanies met weinig plantegroei. Een van die losstaande formasies op pad na ons bestemming heet heel gepas Biskoprots. En oorkant ons natlandingsplek is 'n beroemde fotogeniese formasie genaamd Pinnacle Rock, die oorblyfsel van 'n tufkegel (tuff cone). Bartolomé word as dié Galápagos hoogtepunt beskou. Op 'n stadium sien ons dierbare Galápagos pikkewyntjies *(Sphensicus mendiculus)*, 50 cm lank maar net 35 cm hoog wanneer hulle staan. Die wesentjies is die enigste pikkewyne wat in die trope broei en is ook die enigstes in die noordelike halfrond. Hulle getalle verminder en daar is nog net 2 200 oor as gevolg van 'n paar El Niño's wat hul kosvoorraad nadelig getref het. Ons land in erge hitte. Sommiges stap oor 'n nekkie na die anderkant waar meer skadu is terwyl die res swem en snorkel. Daar, aan die anderkant, sien ek Amerikaanse tobies *(Haematopus palliatus galapagensis)* van nader. Hulle herinner nogal sterk aan ons swarttobies. Ons sien uitgestrekte lawavelde waar niks groei nie. Voor ons terug na ons jag gaan, baai ons om van die hitte te ontsnap. Maar muskiete takel ons.

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Terug op ons jag Eden trek ons stapstewels aan vir ‘n droë landing wat toe deur drie pelsrobbe versper word en ons moet bietjie rotsklim om verby hulle te kom tot op ‘n houtpaadjie. Die paadjie kontoer tot op die hoogste punt op die eiland. Aan die oostekant is verskeie pragtige spatkegels (spatter cones) in verskillende skakerings van bruin te sien. Die vulkaan wat vir alles verantwoordelik was, het ineengesort en is tans onder die water. Al was die uitbarsting al ‘n miljoen jaar gelede, is die plantegroei maar betreklik skaars en merendeels grys matplant (*Ticilia nesiotica)*. Die uitsig bo van ons spits af terwyl die son ondergaan, is ongelooflik en al die geswoeg om daar te kom, werd.

Een of ander tyd die nag steek ons die ewenaar oor en daag by Genovesa Eiland op. Dit is ‘n pragtige dag toe ons na Prins Philip Trappe vertrek. Wat ‘n lieflike staptog! Voëls duik in hul duisende in die see vir kos. Ons sien volop rooipootmalgasse *(Sula sula websterii),* die kleinste van die Galápagos se drie malgassoorte en dan ook feitlik al die ander voëlsoorte wat ons die afgelope paar dae mee kennis gemaak het. Verskeie plantsoorte blom welig. Na ons staptog vaar ons met ons rubberbote al met die kranse langs en sien hoe voëlouers hulle krose in rotsholtes versorg, onder andere ‘n rooibek tropevoël *(Phaeton aethereus).*

Na oggendete sit ons af na die strand by Darwinbaai waar ons ook weer nou reeds bekende voëls en hulle babatjies sien. Die frigatmannetjies sit rooi opgeblaas op kaal takke van struike en gaan woes te kere wanneer die wyfies oor hulle vlieg om ‘n keuse te probeer maak. Was ek op my dag maar so bevoorreg om uit so ‘n groot keuse ‘n gretige man van bo af te kies! Ons beland in ‘n kolonie krappies wat so klein is en so goed met die grond saamsmelt dat mens sukkel om hulle raak te sien. ‘n Albatros duik herhaaldelik rakelings oor my kop.

Daardie aand het ons kaalpoot in ons beste klere ‘n afskeidsdinee en Gandi sing agterna vir ons terwyl hy homself op sy ghitaar begelei en die dames verleidelike danspassies in hulle beste klere uitvoer. Die bemanning is al te deftig in hul uniforms uitgevat.

Die volgende oggend vroeg besoek ons die mangliete by Santa Cruz se Black Turtle Cove. Afgesien van die wonderlike bome en seeskilpaaie sien ons ‘n skool van sowat 30 gouepylstertvisse asook haaie, ‘n groot witreier *(Casmerodius albus),* ‘n lawareier *(Butorides sundevalli)*, ‘n pelikaan, ensovoorts.

Na ontbyt vertrek ons na Baltra vir ons vlug na Quito. Ek en Ansa gaan nog ‘n paar dae in Ecuador vertoef om meer van die land te sien. Die res gaan verder in Peru reis.

Mens kan verstaan hoe die voëls en seeskilpaaie op die eilande beland het. Maar die ander diere? Hulle het as gevolg van woeste stormweer en oorstromings van die vasteland af maande lank op plantegroei gedryf tot by die eilande. Omdat reptiele baie lank sonder kos kan leef, het hulle dit oorleef en duisende jare lank by die ongenaakbare omstandighede aangepas. Dink maar aan die uitsonderlike seelikkewane. Geen soogdier het glo die tog oorleef nie. Veral die klein voëltjies en sekere plante se aanpassings op die verskillende eilande het Dawin by sy evolusieteorie gebring.

Of ek weer sal gaan? Seer sekerlik. Ons was nie by al die eilande nie. En weer in ‘n klein jag met die patryspoorte net bokant die water, mits daar lugversorging is. Heel bo reën mens in jou bed nat as jy kieskeurig probeer wees.

DIE WITELS IS BAAS

Derek Odendaal

En daar bevind ek myself toe weer in die Witels-kloof die afgelope Desember: daardie wonderlike, ruwe, ongerepte, klipperige, nat, pragtige, ongenaakbare kloof in die Hexrivierberge. En dit nadat ek nie juis ‘n begeerte gehad het om die tog weer te doen nie, na my vorige “epic” in Desember 1997 wat my bene in ‘n toestand van spasma gelaat het vir drie dae na die staptog. ‘n “Staptog” is nou nie juis ‘n akkurate beskrywing van hierdie tog nie – eerder ‘n klim-daal-klouter-swem-waad-val-bosvegtog. Daar is bitter min gelyk aarde op hierdie tog waar mens normaal kan stap. Selfs die bobbejane in die kloof loop met kieries.

Op versoek word die Witels toe weer op die program gesit en ek is maar die aangewese persoon om weer te lei en te ly. Dit is steeds een van die klassieke bergroetes in ons land en beslis ook een van die veeleisendstes. Vir die van julle wat nie bekend is met hierdie vyfdag “kloofing trip” nie, dit werk kortliks as volg: op dag een klim jy die Waaihoekberg van voet tot kruin, ‘n styging van bykans 1200 meter. Op dag twee daal jy weer amper 800 meter teen ‘n ruwe klipperige hang totdat die diep, smal, kronkelende Witels-kloof jou insluk. Vir die volgende drie dae stap, klouter, hop, swem, waad, bid en skel jy jou weg deur hierdie ongelooflike mooi, maar ongenaakbare ruwe kloof. Daar is tussen 14 en 20 onvermydelike swemme in die kloof (afhangende van die watervlak) en jy vorder nie verder as so 6 km per dag nie. Soms bereik jy die kampplek (daar is maar min plekke waar dit moontlik is om ‘n lêplek te kry) eers na 7 uur die aand. Die son looi jou behoorlik, want dis Desember, en die diep, donker poele is koud.

Ons groep van sewe het op 16 Desember begin. Die klim van Waaihoekberg was maar moeilik in die hitte. Gelukkig het ons baie tyd en kan dit teen ‘n rustige tempo doen. Ons bereik die kruin eers so teen 4 uur die middag en slaap die nag in en om die beknopte Pell’s hut daar bo. Dis ‘n mooi sterrenag, alhoewel nogal koel op ‘n hoogte van amper 1700 meter bo seevlak.

Die volgende oggend pak ons die ruwe daling aan. Die klipperige noordelike hange van die Hexrivierberge lê uitgestrek onder ons en na regs tot doer anderkant Matroosberg. Ons benader die daling maar versigtig, want meeste van ons het nie stewels saamgebring nie. Deur die kloof is stewels oorbodig, want jy is aanmekaar deur en in die water en moet sommer met jou skoene kan swem ook. Die steil, lang daling eis egter sy tol en daar is knieë wat wil ingee en voete wat baie seer raak. Dis later ook baie warm en ons vorder stadig. Ons is eers na 12 uur onder in die kloof. Dit was hemels om in die helder, koue water af te koel en sommer so terwyl jy ronddryf jou dors te les.

Ons het nog ‘n lang stuk kloof om die middag af te lê en op plekke maak die ruwe terrein ons vordering frustrerend stadig. Die pragtige Disa-waterval is egter ‘n hoogtepunt op ons roete. Vanweë die hoër watervlak, is daar meer swemme as wat ons verwag het. Dis reeds baie laat toe ons die laaste drie swemme deurgaan, waarvan die laaste een die onheilspellende “tonnelswem” is. Dis ‘n intimiderende lang, diep en donker swem waarvan jy die einde nie kan sien nie. Wonderlik! Ons bereik ons kampplek (Camp Sandy) eers om 20 voor agt (die son sak gelukkig eers om agtuur in daai geweste). Dit was ‘n lang, veeleisende dag met groot kontraste, nie net wat die landskap, die tonele, die roete en temperature betref nie, maar ook die ervarings en

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

emosies van die groep – dit het gewissel van bewondering, opgewondenheid, ekstase en lofprysing, tot foltering, twyfel, pyn, vrees en moedeloosheid. Só tipies van die Witels.

Dit word nie snags koud in die kloof nie en dis heerlik om so onder die sterre te slaap, met die rivier se gekabbel wat jou heelnag streel. Die volgende dag is maar ewe rof, alhoewel ons hier en daar 'n stukkie dowwe paadjie deur die bosse op die oewers kry. Ons sien ook waar die enigste onsnappingsroete uit die kloof teen die hange opgaan. Dis maar vrek steil en 'n woeste klim. Niemand wil egter uit hierdie wonderlike kloof ontsnap nie, al mergel dit jou so uit. Deur die middag is daar weer baie swemme, onder andere die langste een in die kloof. Dis seker naby aan 150 meter lank en ek is sommer warm geswem toe ek anderkant uitklim, koue water ten spyt. Ons is altesaam deur nege swemme op díe dag en gevolglik het die meeste van ons maar lekkasies tot in ons rugsakke opgedoen, met wisselende skade of ongerief, soos nat muesli, nat teesakkies, nat flits, nat klere, nat slaapsak en so aan.

Toe ons eers so teen 7 uur by ons kampplek (Whisky Camp) aankom, berei ek my sommer voor vir 'n geveg, want daar staan rugsakke en allerhande toerusting rond van mense wat wil oornag. Daar is nie veronderstel om ander stappers in daardie omgewing te wees nie, en daar's nie slaapplek vir meer as sewe mense nie. Na 'n rukkie daag die twee forel-hengelaars op en hulle is darem heel bereid om die kampplek aan ons groep af te gee en elders te gaan nesskrop. Hulle het van onder in die kloof ingestap en kla dat die forel nie wil byt nie, want die water is te warm. Ek het agtergekom die water is nie so koud soos die vorige keer nie, maar "warm" is dit beslis nie.

Op die oggend van die vierde dag het ons gewaad, gewaad en nog gewaad. Daar was nie ander opsies as met die stroom langs nie. Dis wel 'n baie mooi deel van die kloof, met pragtige poele en die hoë pieke van die Skurweberg wat agter ons uittroon. Die laaste vyf swemme van die tog word so deur die dag ingewerk , wat ons totaal op 20 te staan bring. Alhoewel ons eintlik verder moet vorder, besluit ons om darem een middag vroeër kamp te maak. Dis net so voor 5 uur en dis 'n baie lekker kampplek, bekend as Stony Camp, met die volgende een nog meer as 'n uur-en-'n-half verder. Ons geniet die laaste aand in hierdie wilde, mooie rivierkloof, maar is ook bly dat die fisieke uitmergeling amper op 'n einde is.

Die laaste dag neem langer as wat ons gedink het, veral vanweë indringer wattles wat die vordering op plekke bykans onmoontlik maak. Ons leer om hierdie bome nog meer te haat. Ons het reeds teen 6 uur weggespring, maar is eers na 2 uur die middag uit die kloof, waar Estelle Fourie ons in die Michell's-pas kom haal. Dis 'n heerlike gevoel om klaar te wees en almal is dankbaar om die eindpunt te bereik. Jy besef maar deeglik hoe maklik dit is om 'n enkel of been in hierdie ruwe kloof te breek. Maar die Witels spaar jou nie – almal kom met seer, stram bene en 'n paar wonde anderkant uit.

Ek het weereens nie die begeerte om die Witels weer te doen nie. Dis 'n wonderlike avontuur en besonders mooi, maar twee keer was genoeg!

En wat sê die groeplede van die Witels?

Sorita Matthysen: Loshande die veeleisendste roete in my 20 jarige staploopbaan, maar sekerlik ook een van die mooiste.
Erika Meeding: Elke minuut van die Witels was 'n ervaring!
Izak Fourie: Uit 'n fisiese oogpunt is die Witels bykans gelykstaande aan 5 opeenvolgende dae van die 4 Peaks Challenge. Die swemme maak dit uniek, en die pragtige natuurskoon staan nie terug vir die mooiste in die Drakensberge of elders nie.
Jacques Jordaan: Ongelooflik mooi, ongelooflik ru, ongelooflike pyn, ongelooflik lekker, ongelooflik baie klippe en water.
Laetitia Jordaan: 'n Avontuur wat ek nooit sal vergeet nie (nou weet ek wat is 'n C+).
Jacomi Odendaal: My rivierverslawing is dalk nou vir 'n wyle genees vanweë die marteling en lyding maar dit was een van die lekkerste en skouspelagtigste martelings ooit…….
Derek Odendaal: Die Witels hou selfs die ervare stapper nederig. Jy oorwin nie die Witels nie – jy oorleef dit.



KILIMANDJARO, TANZANIË, 16 – 22 JUNIE 2008

Sanet Ferreira

Op Sondag 15 Junie 2008 vertrek sewe van ons, Dawid Kotzé (Bethlehem), Rina van der Merwe (Petrusburg), Annalize Coetzee (Douglas), Yolande Vollgraaff (Brandvlei), Christa Stander (Kenhardt), Christa Maree (Welkom) en Sanet Ferreira (Bloemfontein). Ons is baie opgewonde want na maande se beplanning en voorbereiding kan ons nou tot aksie oorgaan. Suki van Niekerk wat die hele toer geïnisieer, beplan en gereël het, is nie met ons nie - sy lê siek met bronchitis en longontsteking in die hospitaal! Haar afwesigheid gooi 'n donker wolkie oor ons ingehoue uitbundigheid.

Ons vlieg met Air Tanzania. Ons kom in reën aan op Kilimandjaro Lughawe en is baie gelukkig want ons bagasie is daar! Ons word met die Springlands Hotel se bussie vervoer vanaf die lughawe na die hotel (900 m) in Moshi waar ons die nag sou tuisgaan. Die hotel is 86 km vanaf die lughawe en ons arriveer na nege. Gou-gou word die kamers aan ons toegewys.

Maandag is 'n pragtige dag nieteenstaande die wolkkombers en na 'n stewige ontbyt word ons duffelsakke in sterk plastieksakke geplaas om dit te beskerm teen wind en weer en daarna word elkeen geweeg. Daar is 'n skaal in die tuin.

Om nege-uur ontmoet ons Tom, ons hoofgids. Hy beïndruk dadelik met sy kennis en reëlings. Soos die meeste inwoners van Tansanië, is hy 'n Swahili en later ontmoet ons sy assistente Ozzie en Stanley. Hulle is almal werknemers van Zara, die maatskappy wat na ons omsien tydens ons verblyf in Tanzanië.

Ons vertrek met twee voertuie vanaf die hotel na die hek van die Kilimandjaro Nasionale Park (1400 m) vanwaar ons sal begin stap. Dit is 41 km na die hek en ons ry deur 'n tipiese plattelandse landskap waar bestaansboerdery aan die orde van die dag is en skape en beeste aan 'n tou vas is om in 'n beperkte area te wei.

Of jy nou vlieg, ry, eet of gesels, Kili is altyd in jou agterkop. Op ons vraag aan Tom wanneer ons die Berg gaan sien, is sy kommentaar: "Kilimandjaro is a very shy mountain – he will show up sooner or later".

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Die hek by Kilimandjaro Nasionale Park is 'n geroesmoes van bedrywighede, want dit is die wegspringplek vir diegene wat soos ons, die Marangu-roete gaan stap. Hier word die draers deur die verskillende toeragentskappe gehuur, want letterik alles word van kamp tot kamp teen die berg opgedra. Gasstowe, potte, panne, eetgerei, kos en in sommige gevalle selfs water. By die hek het ons geregistreer en begin ons om 12:00 te stap. By elke kamp moes ons die register voltooi.

Dit waarvoor ons beplan en voorberei het, al die geoefen, ± 1000 km oor ses maande voor die tyd se koppiesstap (selfs twee weke gelede Mont-aux-Sources in 'n ysige sneeuwind wat 'n ligte voorspel sou wees van wat eindelik op ons wag) het begin. Ons gee ons eerste tree om berg Kilimandjaro te oorwin of te faal. Die reënwoud met sy welige plantegroei van varings, hemelhoë mosbegroeide bome, bobbejaantoue en verskillende blomsoorte is onbeskryflik mooi. Die misterie van die berg word verder verhoog deur die altyd teenwoordige mis en misreën. Mense beweeg soos skimme deur die newels wat 'n atmosfeer van gedemptheid, mistigheid en vrede skep. Selfs soveel so dat ons by aanvang in fluisterstemme met mekaar praat.

Ons bereik Mandara Hut (2700 m) na ongeveer 12 km en baie stadig stap. "Pole-pole" beteken in Swahili "stadig" en hierdie woorde sou ons in komende dae telkens hoor. Deur stadig te stap en sodoende te akklimatiseer is die enigste manier om in 'n mate hoogtesiekte (High Altitude Sickness) teen te staan, welke toestand dan ook as die vloek van Kilimandjaro beskou word. Niemand, selfs ook nie die medici, kan vooraf bepaal of jy hoogtesiekte gaan opdoen nie met die gevolg dat dit altyd in die agterkop bly – gaan ek dit kry of nie.

Die voordeel van die Marangu-roete te stap is dat jy die gerief het om snags in hutte oor te bly en nie in tente nie. Hierdie voordeel moet nie onderskat word in die lig van die baie reën en ysige winde wat ons hoër op teëgekom het nie.

Nadat elkeen geskrop het vir 'n plekkie op die stapelbedjies het Simon ons in kennis gestel dat aandete om sesuur gereed sou wees. As in ag geneem word die "omstandighede" waarin hierdie mense moet kos voorberei en bedien, dan het ons eintlik soos konings geëet. Die kos was altyd stomend warm. Een aand het ons gebakte aartappels, spinasie, vars gebakte tuna in 'n degie (wat in die see by Zanzibar gevang is!) gekry en dit was baie lekker. Springmielies, koekies en grondboontjies was ons beloning na 'n dag se stap.

Tom sou klokslag net voor of net na die aandete ons inlig hoe laat ons die volgende oggend moet opstaan, hoe laat ontbyt bedien sal word en dan ook talle vrae van ons kant beantwoord in verband met die terrein waarop ons die volgende dag sou beweeg en dan die immer teenwoordige vraag: sal ons Kilimandjaro môre kan sien? En die antwoord: "Maybe, maybe not".

Dit het dwaarsdeur die nag gereën en na ontbyt vertrek ons op pad na Horombo Hut (3720 m) wat ongeveer 15 km verder is. Ons stap in sagte misreën wat sig beperk tot 'n paar treë voor jou. Jy klim gedurig maar omdat dit teen so 'n stadige pas geskied, kom jy dit nie so agter nie.

Ons beweeg uit die reënwoud uit na fynbos met sy proteas soos ons fynbos in die Weskaap. Die wolkkombers bly en dus bly Kili ook buite sig.

Horombo Hut (3720 m) is 'n groot en bedrywige kamp omdat die ouens wat tot bo was, ook hier kom oornag. Toe ons daar aankom, was dit 'n swetterjoel van bedrywighede van gidse, draers en klimmers. Weens die groot aantal klimmers eet ons in sessies in die groot eetsaal waar die verskeie toeragentskappe elkeen vir sy eie klimmers ete bedien. Die atmosfeer is onbeskryflik aangesien daar klimmers/stappers van oor die wêreld heen is en is dit 'n geroesmoes van tale, dialekte, geure en kleure. Hier klim jy bokant die wolke uit en indien daar nie mis is nie, is Kili duidelik sigbaar. Hier kry jy die gevoel van in 'n vliegtuig sit en kyk jy op die wolke neer.

Om die eerste keer vir berg Kilimandjaro te sien, laat jou met skok, verdwasing, respek en verwondering en die alles oorheersende gedagte: Hel, maar dis hoog, sal ek dit maak?

Woensdag is dit ons derde dag in die berg en is dit dan ook ons oefendag waar ons ongeveer 7 km gaan uitstap in die rigting van Mawenzi Berg (4600 m) in 'n poging om te akklimatiseer en sodoende te poog om hoogtesiekte teen te werk. Dis 'n pragtige dag met die immer teenwoordige koue wind wat kom en gaan. By die omdraaipunt het ons 'n pragtige uitsig oor Kili asook op die basiskamp Kibu (4700 m) wat ons môremiddag sal bereik.

Donderdag breek aan en 'n waarneembare onrustigheid is merkbaar in ons praat en optrede. Kilimandjaro is besig om op ons senuwees te werk veral met die wete, vannag begin ons aanslag op die hoogste berg in Afrika (5895 m) en die hoogste alleenstaande berg in die wêreld. Dit is 15 km na Kibu Hut toe. Met ons pole-pole stappie bereik ons die basiskamp Kibu ongeveer drie-uur namiddag. Ons begin onmiddellik ons stapelbedjies gereed kry vir 'n paar uur se rus voordat ons vannag sal begin met ons poging om die kruin van Kili te bereik. Na gisteraand se praatjie het Tom ons ietwat onrustig gehad toe hy aanbeveel dat ons nie vanaand Diamox, die pil wat help om hoogtesiekte teen te werk , moet gebruik nie aangesien dit 'n vals gevoel van orraait-wees" kan skep terwyl dit nie die geval is nie. Om die erns van hoogtesiekte by ons tuis te bring en nie kanse daarmee te waag nie, noem hy dat ongeveer 20 mense jaarliks daaraan sterf wat hoegenaamd nie bevorderlik vir ons gemoedstoestand op daardie tydstip was nie. Te meer nadat hulle vandag met twee ouens wat hoogtesiekte gekry het, op ambulanse (so deur ons genoem en wat bestaan uit 'n draagbaar bo-op 'n fietswiel in die middel) verby ons berg-af gehardloop het.

Tienuur die aand kom maak Simon ons wakker met tee en koekies. Ons begin om elfuur te stap. Enkeles van ons se kopligte is aangeskakel aangesien dit so 'n helder maanligaand is wat kopligte eintlik onnodig maak. Ons pole-pole die berg op. Op ongeveer 5 000 meter tref 'n slag ons, Annalize kry hoogtesiekte en sy is verplig om terug te draai met 'n gids wat haar vergesel. Dit ontstel ons, maar ons het vooraf besluit dat indien so iets gebeur, die ander onmiddellik sal voortgaan.

Nieteenstaande ons doelgemaakte klere is dit bitter koud en is ons drinkwater se waterpypies reeds gevries sodat ons nie vog kan inneem nie. Selfs die 2 liter waterbottels in die gidse se rugsakke is vinnig besig om te vries. Nog 'n skok tref ons toe Christa Maree haar bewussyn verloor weens vermoedelik haar bloedsuiker wat geval het. Teen die steil hang probeer ons haar onder die omstandighede so gemaklik moontlik maak. Genadiglik het 'n Kanadese dokter net agter ons gestap en na 'n bietjie water en bene in die lug lê, herstel sy vinnig en kan ons die tog voortsit.

Na ongeveer 6 uur se klim, bereik ons Gillman's Point (5 700 m) wat op die kraterrant geleë is. Die min suurstof in ons bloed word nou met mening gevoel. Op daardie hoogte is die suurstof ongeveer vyftig persent minder as wat jy normaalweg gebruik met die gevolg dat jou reaksies stadiger word en jou optrede Zombie-agtig.

Uhuru-piek is nou "net" 2½ uur verder weg. Ons beweeg nou deur tussen sneeu en gekompakteerde ys op die rand van die krater aan jou regterkant en massiewe gletsers aan jou linkerkant. Die sonsopkoms is pragtig. 'n Ysige wind wil jou van jou voete af waai en die temperatuur het nou gedaal tot -25º Celsius. Ons bereik Uhuru Piek om ongeveer 8:30 vm en na 'n paar vinnige foto's (jy kan niks "vinnig" doen nie – jou hande en vingers wil weens

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

die koue nie saamwerk nie) begin ons op Tom se bevel onmiddellik die terugtog. Ons rus vir 'n paar minute by Gillman's Point en dan weer verder af. Met letterlik elke tree wat jy daal, voel jy beter en toe ons die basiskamp bereik, kan ons met gemak die ongeveer 15 km na Horombo Hut aflê waar ons die nag oornag het. Daar aangekom, het ons maar dadelik ons slaapsakke opgesoek omdat ons toe reeds vir bykans 16 uur op ons voete was en byna 36 uur laas behoorlik geslaap het.

Die volgende dag stap jy regdeur tot by die beginpunt by die hek waar 'n coke nog nooit so lekker gesmaak het nie. Na die aankoop van aandenkings vertrek ons terug na die Springlands Hotel waar ons die fooitjies met die hoofgids afhandel en daarna 'n heerlike stort geniet. Met die aandete sluit die gidse by ons aan waarna die sertifikaat-oorhandiging plaasvind.

Die volgende oggend vlieg ons terug met 'n onsmaaklike voorval in Dar-es-Salaam toe ons geskeduleerde vlug gekanselleer is omdat daar blykbaar nie vir brandstof betaal is nie en ons gevolglik 'n dag later in Suid-Afrika aangekom het.

Kilimandjaro is 'n een-in-'n-leeftydervaring en sal die nagedagtenis daaraan jou bybly tot jou dood.

AASVOËLBERG UITSTAPPIE, SEPTEMBER 2008

Charlotte Augustyn

Ek het besluit om sommer namens Coen en Erika 'n ietsie te vertel van die naweek sodat hulle lof toegeswaai kan word as leiers. Dit was hulle inisiasie as uitstappieleiers en alles het so puik verloop dat ek hoop daar nog baie sulke naweke saam met hulle gaan opduik. Soos gewoonlik was Erika se administrasie goed georganiseerd en het ons al weke voor die tyd alle inligting en besonderhede gehad.

Die buitelugskool by Zastron was baie netjies met gerieflike huisies. Die enigste nadeel is dat dit, soos in ons geval, soms gedeel word met skoolgroepe wat nie noodwendig daar is om die natuur te geniet nie.

Die roete het verander van 'n naweekstap na twee dagstappe en dit het voorgekom ons was die proefkonyne vir die dagstappe. Die eerste dag was werklik 'n uitdaging oor roetes waar daar voorheen byvoorbeeld 'n ketting was wat intussen gesmelt is vir metaalherwinning. Die terrein was redelik rof en goeie skoene en sterk enkels is nodig.

Dit bly egter 'n pragtige en interessante berg met mooi rotsformasies en uitsigte oor Lesotho se berge.

Leier: Coen Bezuidenhout
Lede: Erika, Charlotte, Elmare, Sorita, Cillie, Demi, Letitia
Nie-lede: Jeanette Walker, Gordon

Staptog, Lammergeier-voetslaanpad, 31 Oktober tot 2 November 2008

Klaus von Delft

Die staptog was 'n gesamentlike byeenkoms van die SA Bergklub se Vrystaat Afdeling en die Bloemfontein Voetslaanklub: ses lede van die Bergklub en agt van die Voetslaners.

Die groep het bestaan uit:
Sanet Ferreira, Herkules Ferreira, Suki van Niekerk, André van den Berg, Rina van der Merwe, Ettie Wessels, Sheila Anderson, Kay Cameron, Wouter Greyling, Driekie van der Walt, Elna von Delft, Klaus von Delft (leier).

Die oorspronklike roete, soos dit deur Bergklub bespreek was, kon nie gevolg word nie omdat die Mtombo oornaghut vanweë 'n gebrek aan water nie gebruik kon word nie. Die groep moes toe albei nagte te Ossa oorbly, waar ons – baie onprofessioneel – in egte tripper-luuksheid onthaal is. Van die lede het dan ook hierdie luukshede ruimskoots benut en op albei aande is daar deur enkeles maaltye voorberei wat die beperkte dravermoë van gewone rugsakke verreweg oorskry het. Slaapsakke was ewe-eens oorbodig aangesien voetslaners hulleself in sneeuwit linne en donsduvets kon verlustig.

Die bestuur van Lammergeier is besig om al die bestaande roetes te herbeplan en nuut uit te lê. Volgens Kevin Isted, die jeugdige bestuurder, is daar by besoekers geen behoefte meer aan lang staptogte nie. Tans verkies die mense glo korter daguitstappies. Nietemin is die oorspronklike Black Eagle Trail nog steeds beskikbaar.

Op Saterdag het ons hierdie sirkelroete van Ossa via Olympus en terug gevolg, in totaal ongeveer 16 km. Die presiese afstand kon nie bepaal word nie omdat op die roetekaart wat Lammergeier verskaf, die skaalaanduidings ontbreek. Die pret van die stap is ietwat bederf deur die langdurige droogte wat die gebied tans teister en as gevolg waarvan die Karringmelkspruit, waarlangs 'n groot deel van die roete loop, feitlik sonder water was. Van die waterkaskenades waardeur vroeëre togte gekenmerk is (gladde klippe, stappers wat deur die stroom meegevoer word, deurdrenkte slaapsakke ens.) was daar hierdie keer geen sprake nie. Selfs drinkwater was feitlik onbeskikbaar.

Olympus het tans geen oornagfasiliteite vir stappers meer nie aangesien die plaashuis deur lede van die Isted-familie bewoon word. Deur juis hierdie bewoners is ons uiters gulhartig ontvang en op warm tee, vars gebakte skons met selfgekookte konfyt en vars geklitse room getrakteer - weereens iets wat nie juis strook met egte bergklim-professionaliteit nie. Nietemin kon ons die buitengewone hitte van die dag daar in heerlike koelte laat verbygaan en iets van die geskiedenis van die omliggende plase te hore kom, voordat die tog op die sirkelroete terug na Ossa voortgesit is.

REDAKTEUR: Molly Smit BLADUITLEG: Jacomi Odendaal

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Die oorspronklike plan om op Sondag van Ossa via Upper Pelion Plaashuis tot by die Pelion waterval, aan die boloop van die Karringmelkspruit, en weer terug te stap (ongeveer 19 km) moes ons laat vaar. Dit sou geen sin gemaak het om 'n besoek aan 'n waterlose waterval te bring nie. Ook was die afstand vir die halwe dag tot ons beskikking iets wat nie ernstig oorweeg kon word nie. Nogtans het die groep reeds om 06h30 van Ossa vertrek en al met die Karringmelkspruit op tot by Upper Pelion plaashuis gestap, ongeveer 4½ km.
Ons was ietwat teleurgesteld om te sien dat hierdie groot huis, wat nie net pragtig geleë is nie maar in die verlede ook 'n groot aantal stappers kon huisves, blykbaar nie meer in stand gehou word nie en dus ook nie meer as oornagfasiliteit beskikbaar is nie. Op die pad terug was enkeles tog gelukkig genoeg om in een van die min poele wat nog water gehad het te kan swem en van die weereens baie warm weer af te koel. 11h30 was ons terug by Ossa en 300 motorkilometer later terug in Bloemfontein.

CARBON MONOXIDE POISONING IN TENTS

Case reports verify that carbon monoxide (CO) poisoning within tents and snow caves is a real and probably overlooked problem. It is potentially an even greater problem at altitude because of the multiplicity of risk factors for CO toxicity. Despite multiple anecdotal reports of climbers perishing from CO poisoning on Himalayan peaks circulating in climbing circles, the danger does not appear to be widely recognised. Diagnosing CO poisoning in the early stages may be difficult because of the nonspecific nature of symptoms and (at altitude) their similarity to AMS. The masking of symptoms when subjects are sedentary axarcebates the problem, and these are likely to be the occasions when individuals are subjected to the highest CO levels, such as resting and cooking in tents for hours during inclement weather. All attempts must be made to prevent the COHb concentration reaching dangerous levels. Some of the evidence on how to do this is well founded; some is fairly poor. Opportunities for research in this interesting and very relevant area are abundant. Safety could be enhanced by the use of small portable CO detectors.

Summary of risk factors and proposed precautions for carbon monoxide poisoning in tents:

- Cooking: Avoid prolonged simmering , keep stove highly pressurized, use white pure fuels, use small diameter pans, use maximal blue flame and avoid low flames.
- Yellow flame: Turn stove off, repressurize, relight, maximize tent ventilation for a few minutes.
- Inadequate tent ventilation: Ventilation area at least 50cm², CO egress port as high as possible, O ingress port as low as possible. Higher risk in zero wind conditions.
- Insidious onset of symptons if sedentary: Beware headache and fast heart rate, make regular trips outside to unmask symptoms, ventilate tent at regular intervals. Ventilation does not have to be continuous.
- Dehydration: Stay well hydrated.
- Snow holes tend to be worse than tents: Beware of all the above.
- Hyperventilation indicates more exposure to CO.
- High altitude.
- Tent icing and snow cover make tent less porous: Keep clean to allow air flow.

(*Source: MCSA eNews 2008/05-1.)*

BERGKLUBNUUS

Nuwe lede: Sheila Addison, Kay Cameron, Sanet Ferreira en Frances van Tonder. Ons hoop julle gaan lekker saam met ons stap en kuier en klim.

Baie geluk aan Coen Bezuidenhout wat met 'n tyd van 4 uur 37 minute in die Four Peaks Uitdaging (Sept 2008) die Meesters se rekord gebreek het met 20 minute. Ons is trots op jou.

Peru, Mei 2009: Ons voorgenome toer is nou voltallig. Die balans van die toerkostes moet teen die end van Maart 2009 gehoes word en die wisselkoers laat ons sweet. Tydens Molly en Ansa se besoek aan die Galápagos gedurende 2008 het net 12.5% van die groep by hul bestemming opgedaag, die res is iewers op Sao Paulo lughawe ingesluk. Lees die artikel oor laasgenoemde toer in hierdie uitgawe vir effens meer inligting oor wat met mens kan gebeur..

LUISTERGENOT

Probeer gerus die CD van Paul Hone in die hande kry: pragtige, rustige liedjies oor die Drakensberge en die natuur, met besonderse lirieke. Die titel is Hear the call.

Hier is die lirieke van die snit Greatest Gift:

I've travelled the world over – so far and wide
Crossed a lot of waters, swum against the tide
Met all kinds of people, but something's clearly odd
And money's become a God.

Now I'm not a rich man, not by any means
But I've found a world of fortune
Way beyond my dreams
All it took was a little wisdom
Eyes that can see
How a world of treasure surrounds us
And it's all ours for free.

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

It's in the earth and the sea
It's in the forest, the trees
It's here in the air we breathe
It's in the mountains so tall
Little raindrops that fall
Life is the greatest one of all.

As more of us get caught up
In the trappings of success
Become slaves of fortune
Forget about the rest
We need to take a look around us
See what our eyes behold
How the earth mother has blessed us
With treasures more that gold.

A beautiful sunrise
The way an eagle flies
You'll find it in the star studded skies
It's in the flowers that grow
In the fresh fallen snow
Life is the greatest gift I know.

LEESGENOT vir bergmense

Holt, Matthew. The Miles High Club. Die skrywe, 'n gebore Engelsman wat nou in Kaapstad bly, het vir banke in London en Kaapstad gewerk. In sy middeljare het hy Everest en die Sewe Pieke bereik. Hy het ook die sewe hoogste pieke in Afrika geklim, die Marathon des Sables gehardloop, die laaste breedtegraad na die Noordpool geski, kaal in die Magaliesberge gestap, in Scapa Flow, Skotland, geduik, aan die Wêreldmoeras-snorkel Kampioenskappe deelgeneem, ensovoorts. Moet dit nie misloop nie.

McDonald, Bernadette. Brotherhood of the rope: the biography of Charles Houston. Mountaineering Books, 2007. 265p. ISBN 9780898869422. Houston was leier van drie Himalaja ekspedisies: Nanda Devi saam met Bill Tilman in 1936. K2 in 1938 en nog 'n K2-aanslag in 1953 toe weer die aftog geblaas moes word omdat Art Gilkey ernstig siek geword het. Die agt mans het in die proses geval met slegs Gilkey wat dit nie oorleef het nie. 'n CD bevat 'n video van die laaste ekspedisie asook kommentaar van die deelnemers. *Die boek was op die kortlys vir diie 2007 Boardman Tasker Award.*

Mortenson, Greg and Relin, David Oliver. Three cups of tea: one man's mission to promote peace. Viking, 2007. 352p. In 1993 Greg Mortenson failed to climb K2 in the Karakoram Mountains. On the way down he spent time in an impoverished Pakistan village. He promised the inhabitants to return and build a school. To raise funds he sold all his posessions and lived in his car for a year. Eventually he built 55 schools in Taliban territory. This book describes his adventures. It has been a New York Times Bestseller. It's also won the Banff Mountain Festival Prize, the Kiriyama Nonfiction Award, the Time Magazine Asia Book of the Year, Borders Bookstore Original Voices Selection, Montana Honour Book Award and Pacific Northwest Booksellers Association Nonfiction Award. This is a riveting book.

Scott, Doug: Himalayan climber: a lifetime's quest to the world's greater ranges. Sierra Club Books, 1992. 192p. ISBN 1898573166. Scott het saam met Dougal Haston Everest in 1975 vanaf die suidweste geklim. Dit was die laaste keer dat Everest volgens die ou styl geklim is. Daarna is die hoogste pieke volgens die vinnige styl wat in die Alpe bekend is, geklim. Scott het daarna 'n groot aantal noemenswaardige klimtogte voltooi, waaronder Shishapangma, Nuptse, Shivling en Kangchenjunga. Laasgenoemde word as sy belangrikste Himalaja klimtog beskou. Scott se uitstekende foto's rond die boek pragtig af.

Souchon, Duncan: Mountains of Africa. Struik, 2001. 192p. ISBN 9781770072183. Met behulp van kleurfoto's besoek die leser Afrika se berge, onder andere Mountains of the Moon op die ewenaar, die Atlasberge, Tsodila Heuwels in die Kalahari, die Abyssiniese Hooglande, die Ol Doinyo Lengai in Tannzanië. Die geskiedenis wat op die berge betrekking het en die uitwerking en implikasie van klimaatsverandering word beskryf.

Takeda, Pete: An eye at the top of the world. Thunder's Mouth Press, 2007. 304p. ISBN 1560258454. In the early 1960s the CIA decided to put a nuclear-powered device on top of the remote and forbidding Himalayan Peak Nanda Devi to spy on Chinese troop movements. For this they got the services of a group of top USA mountaineers. Eventually the apparatus stopped to function because the heat it generated melted the surrounding ice and it consequently disappeared into the glacier. Despite the efforts of a second expedition the device was never recovered. Its four pounds of plutonium are moving closer to the source of the Ganges River. The poison is enough to kill every human on earth or can produce a bomb powerful enough to flatten a city. The international rock, ice and alpine climber Pete Takeda interviewed the surviving members of the original expedition for his interesting book. *This book is the 2007 winner of Keloo Naoroji Memorial Literature Award*.

Venables, Stephen: Higher than the eagle soars. Hutchinson, 2007. 370p. ISBN 9780091795610. Die ouer lede van die klub sal nog Venables, Brittanje se bekendste bergklimmer, se besoek aan Bloemfontein en sy interessante praatjie en kleurskyfies in die Nasionale Museum onthou. Hierdie boek is sy outobiografie oor die rede vir sy bergklimmery en sy avonture op vier kontinente. Hy beskryf onder andere hoe hy die Kangshung wand van Everest sonder suurstof geklim het. Hierdie episode word deur Reinhold Messner as die avontuurlikste in Everest se geskiedenis beskryf.

Venables het met hierdie boek die derde prys in die 2007 Boardman Tasker Award gewen sowel as die Best Book in Mountain Literature afdeling van die 2007 Banff Mountain Book Festival Award.

PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com